

KONINKRYK

LES 14

1 GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2 UITWISSELING (20 minute) [STILTETYE] 2 KONINGS 5, 6, 17 en 25

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (2 Konings 5, 6, 17 en 25). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3 MEMORISERING (5 minute) [DIE CHRISTELIKE GEMEENTE] (2) HANDELINGE 2:42

Repeteer twee-twee.

(2) Die aktiwiteite van die Gemeente. Handeling 2:42. Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.

4 BYBELSTUDIE (85 minute) [DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE] ROMEINE 4:1-17a

Inleiding. In Romeine 3 het Paulus gesê dat “verlossing” volgens die evangelie plaasvind wanneer iemand deur die geloof geregtig word. In Romeine 4, bewys hy dat die regverdiging deur die geloof nog altyd die metode vir verlossing in die Bybel was, dus ook die metode vir verlossing was gedurende die Ou-Testamentiese periode.

STAP 1. LEES. GOD SE WOORD

Lees. Ons gaan Romeine 4:1-17a saam bestudeer.
Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

STAP 2. ONTDEK. WAARNEMINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?

Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?

Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudie notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.

Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.

4:1-8

Ontdekking 1. Paulus gebruik twee argumente waarom “die regverdiging deur die geloof” nog altyd die metode vir verlossing in die Bybel was.

Sy argumente is gebaseer op twee aanhalings uit die Ou Testament.

(1) Sy eerste argument is Romeine 4:1-5.

Abraham se geloof is vir hom toegereken as geregtigheid (vryspraak).

Paulus stel die vraag, “Wat het Abraham, ons stamvader wat die liggaam (menslike afkoms) betref, verkry?” Hy maak ’n veronderstelling wat hy onmiddellik verwerp. Hy sê, dat as Abraham geregtig is deur die werke van die wet (d.w.s., deurdat hy hom laat besny het), soos baie Jode, Christene en Moslims dink, dan het hy iets om hom op te beroem voor mense, maar nie voor God nie. Paulus maak daarom die gevolgtrekking dat *die regverdiging deur die werke van die wet (die besnydenis) nie vir Abraham geld nie.*

Deur hom op die Bybel te beroep bewys Paulus dat Abraham nie deur die werke van die wet geregtig word nie. Hy haal Genesis 15:6 aan. God het ’n aantal beloftes aan Abraham gemaak wat vir baie lank nie in vervulling gegaan het nie, maar tog het Abraham God geglo. Hy het geglo dat God die waarheid gepraat het en sy beloftes op sy tyd in vervulling sou laat gaan. Daardie geloof het God vir Abraham tot geregtigheid gereken. Abraham is dus deur geloof (in

God en sy beloftes) alleen geregverdig en nie deur werke van die wet (die besnydenis) nie. Die regverdiging (vryspraak) word toegereken deur God en is dus nie 'n menslike prestatie nie.

Die teenstelling in vers 2 en 3 is tussen “regverdiging deur die werke (van die wet)” en “regverdiging deur die geloof”. Die teenstelling is nie tussen “diegene wat die werke van die (godsdienstige) wet¹ onderhou” en “diegene wat nie die werke van die (godsdienstige) wet onderhou nie”², maar tussen “diegene wat die werke van die (Joodse, Christelike of Moslem) wet onderhou” en “diegene wat *alleen* (in die God van die Bybel en sy beloftes) *glo*”! Abraham is geregverdig, nie deur sy werke van die wet (bv. die besnydenis) nie, maar deur sy geloof in die God van die Bybel (en sy beloftes in die Bybel)! “Geloof” word nie gekompenseer of beloon nie! Regverdiging (verlossing) word uit genade aan die gelowige geskenk (Efesiërs 2:8-9)

Die teenstelling in vers 4 en 5 is tussen “kompensasie” (verdiende beloning vir iemand wat die werke van die wet onderhou) en “genade (onverdiende gawe vir iemand wat nie werk nie, maar glo)”. God het Abraham uit genade geregverdig, deur sy geloof in God se woorde. Dus, regverdiging deur geloof is tegelyk 'n regverdiging uit genade (d.w.s., die gelowige word “regverdig verklaar” sonder dat hy dit verdien)!

Buitendien is Abraham nie geregverdig deur “'n algemene geloof” in 'n god van een ander godsdiens nie (of geloof in die boek van die god van 'n ander godsdiens nie), maar hy is geregverdig deur 'n spesifieke geloof in die God wat Hom in die Bybel geopenbaar het en wat die goddelose en onregverdige mens regverdig deur Jesus Christus!

(2) Sy tweede argument is Romeine 4:6-8.

Dawid se sondes is hom nie toegereken as ongeregtigheid nie.

Paulus haal Psalm 32:1-2 aan om sy argument te bevestig. Dawid sê dat die mens aan wie die HERE (die God wat Homself in die Bybel openbaar) sy sonde nie toereken nie, geseënd is. Wat Dawid “die nie toereken van ongeregtigheid” noem, noem Paulus “die toerekening van geregtigheid”. In ooreenstemming met die parallellisme in die Ou-Testamentiese poësie is “die vergewing (die bedekking) van oortredings” (sondes) dieselfde as “die regverdiging” (van die sondaar) en beide is dieselfde as “die nie toerekening van ongeregtighede/sondes”. Die ongeregtighede/sondes van hierdie mense sal hulle nie op die oordeelsdag toegereken word nie! Jesaja sê: “U het al my sondes vergewe” (Jesaja 38:17). Miga sê, “Hy sal ons weer genade betoon, Hy sal ons sonde tot niet maak, U sal al julle sondes in die diepsee gooi” (Miga 7:19). En God sê: “Oor hulle ongeregtighede sal Ek genadig wees en aan hulle sondes nooit meer dink nie” (Hebreërs 8:12)!

Hoewel “die vergewing van sondes” 'n deel is van die regverdiging, is “die regverdiging” veel meer! Die “regverdiging” bestaan uit:

- die vergewing (kwytskelding, vryspraak) van ongeregtighede/sondes
- die verklaring dat die gelowige in God se oë 100% regverdig is
- die aanvaarding in God se familie (volk, Gemeente, Koninkryk)
- en die ervaring van die liefde van God (om 'n uitverkore geliefde van die God van die Bybel te wees)

Maar omdat hierdie Bybelgedeelte praat oor “die nie toerekening van ongeregtighede/sondes teen hom”, is dit 'n bewys dat gelowiges gedurende die Ou-Testamentiese periode geregverdig is deur hulle geloof en nie deur hulle werke (van die godsdienstige wet) nie! Hierdie Bybelgedeelte noem iemand nie gelukkig omdat hy goeie of godsdienstige werke doen nie, maar in teendeel omdat sy slegte werke en gebrek aan godsdienstige werke hom nie toegereken word nie, hy nie daarvoor gestraf word nie, maar volkome kwytsgekeld is. Omdat Jesus Christus die losprys vir hom betaal het (Markus 10:45; 1 Petrus 1:18-19), sal hy verseker nie in die laaste oordeelsdag veroordeel en verdoem word nie! Wat die Bybel as 'n werklike seën beskou, is nie die toereken van 'n verdiende beloning vir die onderhouding van bepaalde godsdienstige wette³ nie, maar die toerekening (skenk) van volkome onverdiende genade deur die geloof!

4:9-13

Ontdekking 2. Paulus gebruik nog twee argumente wat bewys dat geregtigheid deur die geloof nog altyd die enigste weg tot verlossing in die Bybel was.

Hy vergelyk die baie vroeëre geloof van Abraham met sy baie latere besnydenis. En hy maak 'n teenstelling tussen die regverdiging deur die geloof en beweerde regverdiging deur die werke van die wet.

(3) Sy derde argument is Romeine 4:9-12.

Abraham is geregverdig, nie deur sy latere besnydenis nie, maar deur sy vroeëre geloof.

Paulus stel die vraag, “Was hierdie regverdiging deur die geloof alleen bedoel vir die besnede Jode⁴ of ook vir onbesnede heidene (nie-Jode)?” Hy vra of Abraham geregverdig is toe hy nog onbesnede was of eers later nadat hy besny is. Die feit dat Abraham geglo het en deur God geregverdig is (Genesis 15:4-6), minstens 14 jaar voordat hy besny is (Genesis 17:1-14), bewys dat die besnydenis (die onderhouding van die wet) nie 'n noodsaaklike voorwaarde

¹ Die “tora” van die Jode, “die wet” van die Christene of die “sharia” van die Moslems.

² Die heidene of “ongelowiges” (die mense wat geen godsdiens het nie).

³ Die godsdienstige wette word in “die seremoniële wet” van die Jode of in die “din” van die Moslems beskrywe.

⁴ en besnede Moslems

vir die regverdiging is nie en ook nie die metode vir die regverdiging is nie! Die besnydenis het niks bygedra tot Abraham se geloof of tot sy regverdiging deur sy geloof nie, eenvoudig omdat die besnydenis toe nog nie onder God se volk bestaan het nie!

Maar toe die besnydenis 14 jaar later ingestel is, het dit wel 'n verhouding tot geloof. Die besnydenis was nie 'n menslike rite om jou identiteit met 'n bepaalde ras te bewys nie, maar het 'n geestelike betekenis en waarde gehad. Die besnydenis is deur God gedurende die Ou-Testamentiese periode ingestel as "'n teken en seël van sy genadeverbond" met Abraham en die nageslag van Abraham (Genesis 17:11). Die besnydenis was die teken en seël van die regverdiging deur die geloof. As "'n teken" beteken die besnydenis dat geloof wat regverdig, bestaan en aanwesig was (die geloof van Abraham het hom geregverdig). As "'n seël" waarborg die besnydenis dat sy geloof wat hom regverdig eg was en deur God aanvaar is. Die besnydenis (van Abraham en van alle manlike lede van sy huishouding) as 'n teken en 'n seël van die genadeverbond was tegelyk 'n teken en seël dat die geloof aanwesig was en dat daardie geloof deur God as geregtigheid gereken is! Sonder daardie geloof was die genadeverbond van God en die besnydenis wat deur die mens uitgevoer is volkome sinloos en waardeloos!

Abraham het die besnydenis ontvang as 'n teken en seël van God sodat hy nie alleen die vader van alle onbesnede gelowiges (gelowiges uit die heidene), maar ook die vader van alle besnede gelowiges (gelowiges uit die Jode) sou wees. Met betrekking tot die onbesnede gelowiges uit die heidene, waarborg die feit dat Abraham deur die geloof geregverdig is, lank voordat hy besny is, dat onbesnede gelowiges in Jesus Christus (Christene uit die heidene) ook geregverdig sou word. En met betrekking tot die besnede gelowiges waarborg nie die feit dat hulle besnede is nie, maar die feit dat hulle in die voetspore van die gelowige Abraham volg, ook dat besnede gelowiges in Jesus Christus (Christene uit die Jode) geregverdig sal word (Romeine 4:12). Mense word geregverdig deur geloof en nie deur die besnydenis (die doen van die wet) nie.

(4) Sy vierde argument is Romeine 4:13.

Abraham het God se belofte ontvang dat hy die erfgenaam van die wêreld sou wees, nie deur onderhouding van die wet nie, maar deur die geregtigheid van sy geloof.

"Die wet" is hier nie die Mosaise Wet wat eers in 1447 v.C. op Sinai gegee is nie. Abraham het die belofte van God ontvang in 2092 v.C. (Genesis 12:4; Genesis 15:4-19), 215 jaar vóór die vertrek van Jakob na Egipte (1877 v.C.) en daarna nog 430 jaar vóór die wetgewing by Sinäi (Galasiërs 3:17). Die genadeverbond met Abraham is nie deur die wetgewing met Moses opgehef nie (Galasiërs 3:17-22)!

"Die wet" is ook nie die hele Ou-Testamentiese openbaring nie, omdat dit ook getuig van die werklikheid van die regverdiging deur die geloof (Romeine 3:21).

"Die wet" is hier die wet wat bestaan uit godsdienstige gebooe en verbooe wat gehoorsaamheid aan God vereis het en werke van die wet veronderstel. Dit is God se heilige en regverdige eis dat alle mense 100% regverdig lewe en dat alle ongeregtigheid 100% (ten volle) gestraf moet word. Die wet beveel gehoorsaamheid, maar bring toorn as dit oortree word. Die teenstelling is tussen "die wet wat geen genade ken wanneer dit oortree word" en "God se belofte wat uit genade geskenk word".

4:14-16

Ontdekking 3. Die belofte van God kan nie ontvang word deur die werke van die wet nie, maar alleen deur geloof.

Met betrekking tot die regverdiging sluit "die werke van die (godsdienstige) wet" en "geloof in God" mekaar uit! Jode, Christene en Moslems of elke mens wat by die godsdienstige wet leef, is mense wat probeer om in God se oë geregverdig te word (gered te word, die Paradys of die hemel te verwerf⁵) deur die werke van die wet, d.w.s. deur die godsdienstige wet so goed as moontlik te onderhou. Maar omdat mense voortdurend die wet oortree en die wet nooit volkome kan onderhou nie, bring die wet die toorn van God in plaas van die regverdiging deur God!

Romeine 4:15 sê: "Waar daar nie 'n wet is nie, is daar ook geen oortreding van die wet nie". Hier beteken die woord "wet" die regseis of die regverdige vereistes van God, naamlik, dat alle mense volmaak regverdig moet wees en lewe en dat alle oortredings van die wet gestraf moet word! Dit is al duidelik dat niemand voldoen aan God se regseis nie! As Paulus sê: "Waar daar geen wet is nie, is daar ook geen oortreding nie", dan bedoel hy nie om daarmee te sê dat daar mense is wat nooit die wet oortree het nie, omdat hulle nooit die geskrewe wet besit het nie. Hy lê die klem presies op die teenoorgestelde: omdat alle mense in die wêreld die wet (as regseis van God) besit, hetsy in geskrewe vorm in 'n boek (Romeine 2:27; 3:21), hetsy op hulle harte geskrif (Romeine 2:14-15), het hulle almal die wet oortree! En omdat hulle almal die wet oortree het, staan hulle almal onder God se toorn! Omdat die wet die toorn van God voortbring, kan die wet nie die genade van God voortbring, wat die grond is vir sowel die belofte van God as die geloof van die mens in God se belofte!

Dus, oral waar Jode, Christene en Moslems probeer om deur die werke van die wet geregverdig te word, is daar geen enkele belofte van die God van die Bybel nie. Dus is die menslike geloof in iets wat nie bestaan nie, volkome sinloos!

⁵ Hindoes probeer deur joga of goeie karma sogenaamd één te word met Brahman (die al-siel); Boeddhiste probeer deur die agtvoudige pad verlig te word en so die lydinglose Nirvana te bereik. Een sekte probeer deur baie te getuig één van die 144000 uitverkorenes te word, ens. ens.

Die menslike werke van die wet en die goddelike genade sluit mekaar volkome uit! Daarom kan, volgens Romeine 4:16 God se genade en God se belofte nooit ontvang word deur menslike werke van die wet nie! En daarom kan alle mense wat volgens die wet lewe, ongeag of hulle Jode, Cristene of Moslems is, nooit erfgename van God se belofte of God se genade word nie!

4:16b-17a

Ontdekking 4. God se belofte: die ontvanger en die inhoud.

(1) God se belofte is aan Abraham en sy “saad” gemaak.

In Galasiërs 3:16-17 is die “saad” van Abraham niemand minder nie as net Jesus Christus! Maar in Romeine 4:16 is die “saad” van Abraham “die kollektiewe nageslag” van Abraham. God se belofte is gemaak aan “die hele nageslag” (Romeine 4:16) wat bestaan uit “baie volke” (Romeinen 4:17; sien Openbaring 21:3, “volke” - meervoud). Hierdie volke bestaan uit diegene uit die Joodse volk wie die geskrewe wet in die tyd van Moses ontvang het en net soos Abraham geglo het in God se belofte aangaande die komende Messias (Saad)(sien Genesis 12:3; 15:5-6; 22:17-18) en bestaan uit diegene uit die heidense volke wat geen geskrewe wet ontvang het nie, maar wel soos Abraham geglo het in God se beloofde Messias, Jesus Christus.

Dus, die belofte van God is net gegee aan mense wat in die Saad, die komende Messias, Jesus Christus, glo, hetsy hulle van nature besnede Jode was en of hulle van nature onbesnede nie-Jode was. Abraham is die vader, nie van twee groepe mense nie, naamlik:

- Israel (besnede Jode waarvan baie nie in Jesus Christus glo nie)(sien Hosea 1:6,8 en Jesaja 1:10)⁶
- En die gemeente (Kerk)(onbesnede heidene waarvan ook nie almal in Jesus Christus glo nie) (sien Matteus 7:21; Matteus 13:36-43)

Abraham is die vader van één groep mense⁷, naamlik, alle mense wat glo in Jesus Christus, ongeag of hulle oorspronklik kom uit die besnede volk van Israel of uit die onbesnede heidense volke.

(2) Die inhoud van die belofte is dat Abraham en sy “saad” erfgename van die wêreld sou word.

Die belofte verwys na die belofte wat God in Genesis 12:3 af by herhaling gemaak het, naamlik, dat God in Abraham se Saad (enkelvoud: Jesus Christus) alle families (volke) op die aarde sou seën. God het beloop dat niks minder as Jesus Christus en alle gelowiges in Jesus Christus “die wêreld” sou beërwe nie (Romeine 4:13). Hulle sou die heerskappy oor die hele wêreld kry. Hierdie belofte sal eers heeltemal in vervulling gaan by die wederkoms van Jesus Christus, wanneer Hy alle dinge gaan herstel (Handelinge 3:21), wanneer die skepping bevry sal word van die slawerny aan die verderf (Romeine 8:21), wanneer Hy alle dinge in die hemel en op aarde weer in Christus byeen gaan bring (Efesiërs 1:10), en wanneer Christus en alle Christene die nuwe hemel en die nuwe aarde sal beërwe (2 Petrus 3:13; Openbaring 21:1-2)!

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Romeine 4:1-17a te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen ’n beurt kry om hulle vraag te lees.

Besprek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

4:3-5

Vraag 1. Wat is die betekenis van die woord “toereken/toegeskryf” (Grieks: logizomai)(vgl. AOV)?

Aantekeninge. Letterlik staan in die Grieks: Vers 3: “Abraham het in God geglo en dit is hom tot geregtigheid gereken.” Vers 4: “Die loon van ’n arbeider word toegereken volgens genade nie, maar volgens wat hom toekom.” Vers 5: “Maar aan hom wat nie werk nie, maar glo, word sy geloof tot geregtigheid toegereken.”

Romeinen 4:3-5 praat nie oor ’n mens wat iets doen nie, maar oor ’n mens wie glo. Sy geloof word vir hom tot geregtigheid gereken (toegereken). Die woord “reken (toereken/toeskryf)” is ’n belangrike woord in die brief aan die Romeine. Dit kan die volgende beteken:

- krediteer op sy rekening (bv. geld as kompensasie vir werk wat gedoen is)
- toeskryf van ’n kwaliteit, ’n verklaring maak en vervolgens ’n persoon so beskou en behandel (bv. geregverdig)

⁶ In Hosea 1:6,8 noem God Israel: “Sonder ontferming” en “nie My volk nie”. In Jesaja 1:10 noem God Israel “Sodom en Gomorra”. In Romeine 9:6 sê Paulus dat nie almal in die natuurlike Israel “geestelike Israel” of “die Israel van God” is nie.

⁷ Die ware “Israel” word nie deur God *beëindig* of deur die Nuwe-Testamentiese Gemeente (Kerk) *vervang nie*, maar word *voortgesit* op ’n hoër vlak (van werklikhede i.p.v. skaduwees) en *uitgebrei* (vergroet) om die gelowiges in die heidense volke in te sluit.

Die woord “toereken” is ’n wetlike of juridiese term en dit beteken dat die verhouding van die persoon tot God en tot God se vereistes in die wet verander is nog voordat daar iets verander in sy morele gedrag.

- Die Bybel sê dat God die gelowige iets nie toereken (toeskryf) nie, wat in werklikheid wel aan hom behoort (naamlik sy ongeregtigheid of sonde)(Jesaja 53:5-6; Psalm 32:1-2; Romeine 4:7-8).
- En die Bybel sê dat God die gelowige iets wel toereken (aan hom toeskryf) wat in werklikheid heeilemaal nie aan hom behoort nie (naamlik die geregtigheid van Jesus Christus) (2 Korintiërs 5:21).
- Die straf vir ons sondes word plaasvervangend deur Jesus Christus gedra. Ons sondes word aan Hom toegereken.
- En die vereiste geregtigheid word plaasvervangend deur Jesus Christus verwerf (1 Korintiërs 5:21). Sy geregtigheid word aan ons toegereken.

Deur sy dood, opstanding, hemelvaart en troonsbestyging het Jesus Christus “die verlossing” (geregtigheid, heiligheid en losprys) van die Christen geword (1 Korintiërs 1:30).

4:3

Vraag 2. Wat presies is vir Abraham tot geregtigheid gereken?

Aantekeninge. Die woord “reken” of “toereken” beteken “iets aan iemand toeskryf”. Dieselfde uitdrukking “dit word hom toegereken” word van Abraham in Genesis 15:6 en van Pinehas in Psalm 106:30-31 gebruik. Maar hoewel die woorde dieselfde is, is die kontekste verskillend.

(1) Die daad van Pinehas word vir hom tot geregtigheid gereken.

In Numeri 25:1-9 het daar ’n plaag uitbreek onder die Israeliete, omdat hulle in geestelike en seksuele immoraliteit verval het. Hulle het afgode aanbid en seksuele immoraliteit bedryf. Pinehas, die seun van die hoëpriester, het opgestaan en tussenbeide getree in hierdie situasie van goddeloosheid en onreg deur sommige van die oortreders te straf. Sy geloof in God het toewyding en ywer vir God in sy hart gebring en sy daad van toewyding en ywer vir God is hom tot geregtigheid toegereken. Sy daad is deur God beskou as ’n goeie daad in ’n godsdienstige etiese sin, d.w.s., op die gebied van die heiliging van sy gedrag en nie in ’n godsdienstige wetlike sin nie. Pinehas het iets vir God gedoen! Pinehas is nie noodwendig deur sy daad van toewyding en ywer gered (verlos, in God se oë geregverdig) nie!

(2) Die geloof van Abraham is vir hom tot geregtigheid gereken.

God het aan Abraham beloof dat Hy alle volke op aarde sou sien “in Abraham se Saad” (Genesis 12:3; Genesis 22:18; Handeling 3:25). “Abraham het God geglo en dit is vir hom tot geregtigheid gereken” (Genesis 15:6; Romeine 4:3; Galasiërs 3:6). Die geloof van Abraham in God en God se belofte (met betrekking tot die Messias wat sou kom) is vir hom tot geregtigheid toegereken. Sy geloof is deur God beskou as ’n goeie daad in ’n godsdienstige wetlike sin, d.w.s., op die gebied van die regverdiging deur God en nie in ’n godsdienstige etiese sin nie. God het iets vir Abraham gedoen! Sy geloof in die belofte van God is beskou as die korrekte reaksie (antwoord) op die gebied van die regverdiging. Abraham is deur sy geloof gered (verlos, in God se oë geregverdig)! God het hom “regverdig” verklaar en het hom vorentoe beskou en behandel as volkome regverdig.

Die hele argument in Romeine 4 is gebaseer op die teenstelling tussen “die regverdiging deur geloof” en “die regverdiging deur werke van die wet”. As Paulus die voorbeeld van Pinehas in plaas van Abraham gebruik het, sou hy sy argument in hoofstuk 4 gewild aangedoen het. Die onderwerpe in hierdie twee Bybelgedeeltes verskil heeltemal! Abraham is ’n gelowige (iemand wat in God se oë regverdig geword het), maar Pinehas het geleef soos ’n gelowige en gedemonstreer dat hy ’n regverdige mens was, deur ’n regverdige daad te verrig.

Volgens Genesis 15:6 het God bepaalde beloftes aan Abraham gemaak: Abraham sou self ’n seun kry en sy nageslag sou so baie wees soos die sterre aan die hemel. Hoewel hierdie beloftes nog nie ’n werklikheid geword het nie, het Abraham geglo dat God dit op sy tyd sou vervul. God se beloftes is nie met ongeloof nie, maar met geloof ontvang. Sy geloof is nie soos ’n regverdige of goeie daad van ’n gelowige mens gereken nie en ook nie soos ’n daad wat gekompenseer of beloon moet word (op sy rekening gekrediteer moet word) nie. Sy geloof was die instrument waardeur God die geregtigheid van Christus aan hom toeskryf het. Sy geloof was die leë hand waarmee hy God se onverdiende gawe van geregtigheid (genade) in ontvangs geneem het (sien Romeine 5:17).

Daarom verklaar God Abraham volkome en volmaak regverdig in sy oë en beskou en behandel hom vorentoe en vir ewig as volkome en volmaak regverdig!

4:13

Vraag 3. Wat beteken dit dat God beloof het dat Abraham erfgenaam van die wêreld sou wees?

Aantekeninge. God het aan Abraham en aan al sy kinders ’n belofte gemaak, dat hulle saam met Jesus Christus erfgename van die hele wêreld sou wees. God het drie dinge aan Abraham belowe:

- Die Beloofde Land (die gebied tussen die Eufraatrivier en die grens van Egipte) sou aan Abraham en sy nageslag gegee word (Genesis 15:5-7 en Genesis 22:17-18)
- Sy nakomelinge (dus nie net Jode nie) sou ontelbaar wees soos die sterre aan die hemel en die sand aan die see.
- In Abraham se “Saad” (enkelvoud) sou alle families (volke) van die aarde geseë word.

Die eerste twee dele van God se belofte het al in vervulling gegaan toe Josua die Beloofde Land verower het (Josua 21:43-45; sien 23:14-16). Maar die derde deel van God se belofte het eers begin in vervulling gaan met die eerste koms van Jesus Christus na die aarde toe!

Abraham het geglo wat God hom beloop het, veral dat God in sy Saad alle families (volke) van die aarde sou seën! Dit beteken dat Abraham (ongeveer 2000 jaar v.C.) geglo het in die koms van die Verlosser, Jesus Christus (Galasiërs 3:16)! Abraham se geloof in die komende Verlosser Jesus Christus was die middel om Abraham te regverdig.

Die Jode het geglo dat alleenlik Jode die Beloofde Land ou beërwe, omdat hulle gedink het dat hulle die wet onderhou het, veral die besnydenis. Maar volgens Romeine 4:13 en 16 is God se belofte gemaak aan “al Abraham se geestelike kinders”, d.w.s., aan alle mense wie glo in Jesus Christus uit sowel die Jode as die heidene (nie-Jode).

God het beloop dat alle gelowiges in Jesus Christus saam met hulle Hoof en Verteenwoordiger, Jesus Christus, nie alleen maar ’n klein landjie in die Midde Ooste (die land Israel), sou beërwe nie, maar die hele wêreld! Hierdie belofte sal volledig in vervulling gaan by die wederkoms van Jesus Christus as Hy sy Koninkryk in sy finale fase in al sy heerlikheid op die nuwe aarde vestig in die Ooste, die Midde-Ooste, die Weste, die Noorde en die Suide!

Dan sal volgens Daniël 7:27, “die heerskappy en mag en grootheid van al die koninkryke op aarde sal gegee word aan die heilige volk van die Allerhoogste. Sy koninkryk is ’n ewige koninkryk en al die regeerders sal Hom dien en Hom gehoorsaam.” Dan sal die ware godsdiens (die geloof in Jesus Christus) die nuwe aarde vul.

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou ’n dinkskrum en stel ’n kort lys saam van moontlike toepassings uit Romeine 4:1-17a.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

Skryf neer. As jy ’n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudie notaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel ’n waarheid dieselfde bly, daar ’n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg ’n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Romeine 4:1-17a.

- 4:2-5. Christene het niks om hulle op te beroem voor God nie. Hulle kan nooit roem dat hulle God gehoorsaam het of dat hulle die godsdienstige wet gehou het nie!
- 4:3. Die onderrig van die Bybel is die finale grond vir die waarheid.
- 4:5-8. As jou sondes nog nie vergewe is nie, glo dan in Jesus Christus. Als jy glo in die God wat die onregverdige deur Jesus Christus regverdig, sal Hy al jou sondes vergewe en jou sondes nooit meer teen jou laat tel nie (sien Hebreërs 8:12). Hy sal jou vir altyd as volkome (100%) regverdig in sy oë beskou en behandel!
- 4:9-12. Die seën van God wat bestaan uit 100% *vergewing* van sondes en 100% *aanvaarding* as sy geestelike kind, is nie net vir besnede Jode en Moslems wat in Jesus Christus glo nie, maar ook vir onbesnede nie-Jode (heidene) wat in Jesus Christus glo.
- 4:13. Geloof in Jesus Christus het nie net die grootste moontlike *geestelike* gevolge (m.n. die ewige lewe nie), maar ook die grootste moontlike *fisiese* gevolge (die beërwing van die hele wêreld).⁸
- 4:14-16. As jy volgens die wet leef, sal jy verseker *nooit deur God geregverdig word nie, nooit in die Paradys kom nie* en nooit één van God se beloftes beërwe nie! Maar as jy uit genade deur geloof in Jesus Christus en sy verlossingswerk wat Hy volbring het, leef, sal jy verseker al God se beloftes beërwe, dus ook dat jy ’n erfgenaam van die hele nuwe aarde sal wees!

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Romeine 4:1-17a.

Romeinen 4:5 sê dat geloof in die God wat goddelose en onregverdige mense deur Jesus Christus regverdig, jou tot geregtigheid gereken sal word. Ek weet dat ek geregverdig is, nie omdat God my kompenseer of beloon vir watter godsdienstige of goeie werk wat ek gedoen het nie, maar op grond van wat Jesus Christus vir my en in my plek gedoen het. My regverdiging het ’n werklikheid geword die oomblik dat ek in Jesus Christus begin glo het.

Romeine 4:12 sê nie dat *besnede* mense (mense wat die wet onderhou) geregverdig word nie, maar wel dat *gelowige* mense in Jesus Christus geregverdig word, selfs al was hulle vroeër besnede (Jood of Moslem) gewees. Ek weet dat geen godsdienstige seremonie soos bv, die besnydenis of die doop met water ’n mens kan regverdig nie. Niks wat mense of ’n gemeente/kerk doen, kan my voor God regverdig nie. Die besnydenis in die Ou Testament was nie die voorwaarde of middel tot die regverdiging nie, maar is eerder die teken of die seël van die regverdiging deur die geloof! So is ook die doop met water in die Nuwe Testament nooit ’n voorwaarde of middel vir die regverdiging nie, maar is eerder die teken en die seël van die regverdiging deur die geloof (Kolossense 2:11-12; Romeine 2:28-29).

⁸ Die beërwing van die hele wêreld (nuwe aarde) na die wederkoms van Christus is iets heeltemal anders as die welvaartsteologie od welvaarts-evangelie wat hier en nou aan die gelowiges rykdom belowe.

STAP 5. BID.**REAKSIE**

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Romeine 4:1-17a.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5**GEBED** (8 minute)

**[VOORBIDDING]
BID VIR ANDERE**

As daar tyd is gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6**VOORBEREIDING** (2 minute)

**[OPDRAGTE]
VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS**

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die Koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Romeine 4:1-17a saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **2 Kronieken 16, 18, 20 en 26**.
Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: **(3) De bedieningen van de Gemeente. Efeziërs 4:12-13**. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Onderrig. Berei **die gelykenis van “die twee seuns”** in Matteus 21:28-32 en **die gelykenis van “die onvrugbare vyeboom”** in Lukas 13:1-9 tuis voor. Maak gebruik van die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memoriserings, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.